

Sommer 'n paar nota's oor 'Intergenerational ministry' en die rol wat dit in geloofsvorming speel – met spesifieke fokus op die erediens en musiek

1. Inleiding

Meeste groter gemeentes het deesdae 'n verskeidenheid van eredienste. Groepe word van mekaar geskei hetsy op grond van ouderdom of spiritualiteitsvoorkeure.

Hoekom doen ons dit? Sommige meen dis a.g.v. die Verligting van die 18de eeu toe meer klem begin lê is op die rede en onderrig. Aanbidding het toe verander van 'deelname aan geloof' na 'leer van geloof'.

Wanneer jy kinders vra waarom hulle kerk toe kom, wat is die standaard antwoord? "Om meer van die Here te leer". Ons het hulle dit mooi geleer, nè.

Die verskil is tussen doksologie – om reg te aanbid – en dogmatiek – om reg te glo. So, as ons glo dat aanbidding gaan oor reg glo – en kinders se kognitiewe vermoëns is minder ontwikkel as volwassenes s'n – dan maak dit sin dat ons bedieningspraktyk sal wees om kinders eers te leer om reg te glo – voordat hulle ons in aanbidding kan kom 'join'.

Aanbidding gaan egter mos nie net oor reg glo nie...

'n Tweede moontlike rede – dalk 'n groter rede – is ons verbruikersmentaliteit. Ons het 'target marketing' begin doen en ons glo dat deur 'n verskeidenheid van bedieningsopsies te gee, bereik ons meer potensiële lidmate. Die vraag is of ons nie juis in die proses meer en meer jong lidmate van ons vervreem nie.

Die goeie nuus vir kleiner gemeentes is dat studies aantoon dat gemeentes wat dit regkry om kinders en volwassenes saam in aanbidding te betrek, klaarblyklik regtig groei.

2. Hoekom IW?

2.1. Wat die navorsing sê

Navorsing wat deur die Fuller Youth Institute onder gemeentes in Amerika gedoen is, so vroeg as 2006-2010, het reeds aangetoon dat kerkbywoning en langtermyn-deelname van naskoolse jongmense wat as kinders deel van die kerk was, skerp afgeneem het.

Hierdie bevindinge is onderstreep deur studies wat gedoen is deur die Barna-groep en die sg. *Pew Research*. Ek is egter doodseker dat julle nie

Amerikaanse studies nodig het om die realiteite in julle eie gemeentes raak te sien nie.

Dis ook nie nuwe studies nie. Ek het reeds in die vroeë 90's by Mark De Vries geleer van *Family-based Youth Ministry* – wat ek dink vandag Intergenerational ministry genoem sou word.

Al hierdie studies het redes probeer aantoon waarom millennials die kerk verlaat. Een rede, of moontlike verklaring, wat deur verskeie navorsers bevind is, is dat hierdie jongmense geen konneksie met die groter kerkliggaam ervaar nie, geen verhoudings het met die ouer lidmate van die kerk nie en bloot eenvoudig net nie tuiskom in die gemeente se eredienste nie, omdat hulle dit byna nooit as kinders bygewoon het nie.

Die navorsing maak 'n paar bevindings:

1. Terwyl die meeste kerke fokus op die bou van 'n sterk kinder- en jeugbediening, is dit nodig dat kinders (van alle ouderdomme) verhoudings met volwassenes (van alle ouderdomme) moet kan bou.
2. Die Kerk oorskakel die gereedheid van finale jaar katkisanter (jong lidmate) om geloofstruikelblokke te oorkom. Ons help hulle nie tans om hul geloof stewig te vorm nie.
3. Dis goed om tydens die katkisasie-proses aandag aan lering te gee, maar 'n oorbeklemtoning van blote 'moets' en 'moenies' kan die geloofsgroei van katkisanter op die langtermyn benadeel.
4. Gemeentes wat *intergenerational* konneksies tydens hulle eredienste fasiliteer, ontwikkel jong lidmate wat ervaar dat hulle betrokke is, 'n plek het in die gemeente – en daar is 'n veel hoër kans dat hierdie jongmense by die gemeente betrokke sal bly.

2.2. So hoekom IW

Daar is ander maniere ook waarop IG-**geloofsvorming** kan plaasvind - maar IW is 'n maklike manier wat ons te min gebruik

2.2.1. Want dis wat Jesus gedoen het

Die grootste en belangrikste motivering vir IW is Markus 9:36 en 37:

³⁶ Toe het Hy 'n kindjie geneem en hom tussen hulle laat staan. Hy het sy arm om hom gesit en vir hulle gesê: ³⁷ "Elkeen wat so 'n kindjie in my Naam

ontvang, ontvang My; en elkeen wat My ontvang, ontvang nie net vir My nie, maar ook vir Hom wat My gestuur het.”

Jesus het kinders by sy bediening betrek en ingetrek. Tot voordeel van die kinders en die volwassenes.

Hierdie oomblik in die geskiedenis verteenwoordig 'n paradigma skuif van 'epidermiese proporsies' – soos Oubaas sou sê. Jesus skep hier 'n nuwe kultuur. In geen onduidelike taal nie, sê Jesus waar kinders in Sy koninkryk inpas. En dis nie net hier nie – Hy doen dit oor en oor en oor.

- Hy gebruik die seuntjie se broodjies en vissies om die 5000 te voed. (Joh. 6)
- Wanneer Hy wil illustreer hoe jy belangrik in Sy koninkryk kan wees, gaan haal Hy 'n kind (Matt. 1-4).
- Wanneer Hy verduidelik hoe jy Sy koninkryk kan ingaan, sê Hy jy moet wees soos 'n kind. (Luk. 18:17).
- Hy raak woedend toe Hy sien dat die dissipels die kinders van Hom af probeer weghou (Mark 10:13-16).
- In Matt. 21 raak Hy opgewonde oor die kinders wat in die strate skreeu: “Hosanna vir die Seun van Dawid!”
- Hy spreek diegene wat kinders laat struikel skerp aan (Matt. 18:6)
- In geen onduidelike terme nie beveel Hy “Laat die kindertjies na My toe kom”. Matt. 19
- Hy genees kinders. Hou hulle vas. Sluit hulle in. Hy gebruik hulle in Sy diens. Dit kom voor asof Hy regtig, egtig baie van kinders hou en dit wil voorkom dat hulle nogal mal was oor Hom. Dit lyk asof hulle Sy teenwoordigheid geniet. Dit lyk nie asof hulle ooit te jonk is om te verstaan nie. Dit lyk nie asof hulle te veel die aandag van Hom aftrek nie. Dit lyk nie asof hulle te onopgevoed is of te jonk is om die waarheid te verstaan nie.

Ek kan my nie 'n kerk indink waar kinders nie in Sy liggaam welkom of betrokke is nie. Ek kan my nie indink dat Jesus, as Prediker, ooit die kans om kinders te betrek sou vermy nie.

So, selfs al sou ons totale IW-poging slegs bestaan uit 'n meer kleurvolle afkondigingsblaadje, of 'n paar kleurkryte en inkleurprentjies op tafeltjies regdeur die kerkgebou... Selfs al sou dit bloot die sing van Jesus-liedjies wees met bewegings of net 'n poging om die preke 'n bietjie korter te hou... selfs al sou dit net spesiale hoë stoeltjies wees waarop kinders kan sit sodat hulle verby die tannie met die pienk hoed kan sien... selfs al sou dit bloot net 'n

poging wees om harder te bid wanneer een van die kinders te luidrugtig is of een van die baba's aan die huis geraak het...

Wat jy ook al doen om 'n ruimte te skep tydens die erediens van die gemeente om mense van alle ouderdomme te verwelkom... as jy dit NIE doen omdat jy regtig glo dat dit is wat Jesus ons beveel om te doen nie, as jy dit NIE doen omdat jy regtig glo dat volgens Jesus die gemeenskap van gelowiges juis bestaan uit mense van alle ouderdomme nie – dan glo ek nie jou IW gaan enigsins enige impak hê nie.

Sandra van Opstal, sê “Diverse worship allows us to stand in solidarity and experience mutuality so that we experience a fuller picture of God. This allows us to live into the reality that we are “one new humanity” (Eph. 2:15). (Opstal, 2016)

2.2.2. Grootmense het kinders nodig – kinders het grootmense nodig (Ons het mekaar nodig)

IW is nie net 'n ander vorm van kinderdiens nie. Dit gaan nie net oor die behoefte van kinders nie. Ons, die volwassenes, het die kinders nodig! Hoe kan ons leer om soos kinders te wees – soos Jesus ons beveel – as die kerkgemeenskap nooit tyd saam met kinders deurbring nie?

In meningsopnames wat onder tieners geneem is, het hulle aangedui dat hulle welkom in die erediens voel, wanneer volwassenes belangstelling in hulle getoon het.

Dit gaan dus nie oor die programme wat jy aanbied nie – kinders voel deel van die gemeente wanneer volwassenes 'n poging aanwend om hulle te leer ken en om hulle deel te *maak* van die gemeente.

Hulle wil nie net welkom voel in die jeugbediening nie – hulle wil welkom voel in die bediening van die gemeente – die musiekbegeleidingsgroep, as kategete vir die kleiner kinders, as tee-skinkers na die erediens, as kollektante. Dinge wat hulle laat voel het dat hulle waarde toevoeg.

In die boek “Gestuur” – skryf Nelis van Rensburg en sy span – “Ook die kinders en jongmense is volledig deel van wie ons is – daarom omarm ons ook hulle taal en kultuur. Hulle is ons gidse op pad na die toekoms”. As jy regtig missionaal wil wees, moet jy alle ouderdomsgroepe insluit – veral ook kinders.

2.2.3. Dit gee families meer tyd saam

Al is dit ook al wat jy bereik met IW is dit 'n goeie rede: IW bring gesinne/families saam en help hulle om tyd saam met mekaar te spandeer.

"As Familie Saam" is 'n bedreigde spesie.

Een Britse studie het aangetoon dat uit 4000 families wat ondersoek is, families gemiddeld 36 minute saam met mekaar spandeer elke dag. 36 minute – sonder 'n TV-skerm of mure wat hulle van mekaar skei. Net so bietjie meer as 'n halfuur.

En as jy 'n tiener het soos ek – is daardie 36 minute dalk net 6 minute.

IW kan daardie 36 minute ten minste verdubbel – veral as jy lekker laaaaaank preek... ☺

Wat beter tyd kan daar wees vir families as SAAM in AANBIDDING! SAAM in God se teenwoordigheid. SAAM met ander gelowiges! Jy kan nie vir 'n beter ruimte vir families vra as om so saam te leer, te groei as dissipels as in aanbidding nie!

In 'n wêreld waar families op 'n konstante basis uitmekaargedryf word, is die erediens nie een van die beste plekke om die familie weer bymekaar te kry nie?

2.2.4. Dit help met geloofsvorming

Navorsing wys dat IW help met geloofsvorming!

Dr. Kara Powell en Dr. Chap Clark, het 'n boek geskryf n.a.v. al hierdie navorsing, getiteld *Sticky Faith*, wat die belangrikheid van IW beklemtoon. Hulle skryf o.a. *"Of the many youth group participation variables we examined, involvement in intergenerational worship and relationships had one of the most robust correlations with faith maturity."*

Die navorsing wys dat hoe meer hoërskoolleerders en studente blootgestel is aan IW, hoe hoër mate van geloofsvolwassenheid het hulle vertoon.

Meer as enige ander program wat deur 'n jeugbediening uitgedink of aangebied kon word, was aktiewe deelname aan IW verantwoordelik vir geloofsgroei.

Hoe meer geleenthede jongmense gehad het om hul gawes in die erediens te gebruik, hoe groter is die kans dat hulle geloof sou staande bly.

2.2.5. Kinders kry iets uit 'n erediens

Baie ouers spreek die bekommernis uit: "My kinders gaan net kerk toe omdat ek hulle dwing. Dis erg genoeg as ek hulle dwing om Sondagskool toe te gaan – daar probeer iemand ten minste nog om dit vir hulle lekker te maak. In die 'Groot Kerk' sit hulle net daar – hulle kry niks uit die diens uit nie – so dis redelik sinneloos."

Steve Burger, direkteur van kinder- en familie bediening van die Evangelical Covenant Church's Christian formation department skryf iewers:

"Nobody ever talks or debates about whether adults should be in worship. But we do debate whether children should be heard or seen in worship. Yet God's continuing self-revelation is not age-specific. Your children may experience a relationship with God long before they can articulate it,"

So wat kry kinders uit 'n erediens?

- **Kinders word gesien**

Een van die mees belangrike en betekenisvolle dinge vir 'n kind is as 'n volwassene hulle op die naam ken! Wanneer kinders uit die erediens gesluit word, is dit nie net hulle name wat onbekend is nie, dis ook hulle gesigte wat onbekend is! Hulle is 'n misbare deel van die gemeente! Wie, behalwe dalk hulle kategeet, gaan hulle mis as hulle nooit weer terugkom nie? En dis wat gewoonlik dan ook gebeur wanneer hulle oud genoeg is om self te kies.

In aanbidding saam met ander lidmate van die gemeente, in gebed – wanneer hulle hoor hoe ander mense bid – terwyl hulle die sakramente saam met ander sien en beleef – word hulle identiteit gevorm.

- **Kinders sien**

Kinders leer deur na te boots. Die liturgie is propvol geleenthede vir kinders om te leer deur te sien.

- Hoe mense bid (Kniel hulle of staan hulle op)
- Hoe mense Nagmaal gebruik
- Hoe die doop bedien word
- Hoe en waarom die offergawes opgeneem word
- Die liedere wat gesing word – hoe dit gesing word
- Hoe die Bybel tydens die diens hanteer word

Al hierdie dinge is belangrik om 'n kind mee te dissipel. Al hierdie dinge vorm hulle geloof.

Elke oomblik in die liturgie hoe nie 'kindervriendelik' te wees om regtig intergenerational te wees nie. Dit lyk dalk nie asof kinders iets kry nie – hulle verstaan waarskynlik nie eens alles nie – maar hulle leer en hulle groei in elkeen van hierdie oomblikke. Hulle is die heeltyd besig om hulle ouers en ander volwassenes dop te hou – hulle is die heeltyd besig om te leer hoe om te aanbid. Hulle kan dit op geen ander plek leer nie! Die wêreld sal hulle leer om ander dinge te aanbid, maar die erediens is die enigste plek waar hulle kan leer om God te aanbid!

- **Kinders ervaar**

Dink vir 'n oomblik terug aan jou eie geloofspad. Onthou jy die eerste keer toe jy Nagmaal gebruik het? Die eerste Bybel wat jy gekry het? Die eerste keer dat jy self 'n versie in die Bybel kon opsoek? Onthou jy hoe jy as kind geld in die kollektiebord gegooi het? Dalk hoe jy die eerste keer voor ander mense jou getuienis gelewer het?

Vir die meeste van ons gebeur hierdie dinge in die konteks van gemeente aanbidding. Vir die meeste van ons, beslis vir die meeste kinders, het hierdie dinge meer betekenis wanneer dit saam met die res van die gemeente gebeur.

Natuurlik sal kinders dikwels hulle oë rol tydens 'n erediens. Dis natuurlik dat hulle groot dele van die erediens as vervelig sal ervaar. As ons egter ouers kan help om die boodskap van die erediens op te volg, gaan kinders al hoe meer waarde put uit die erediens.

Wanneer kinders die kans kry om te dien, ontvang hulle. Wanneer ons hulle die kans gee om te verwelkom, kollekte op te neem, ens. dan ervaar hulle iets van diensvaardigheid.

3. Wat is IW?

IW is nie 'n strategie om bloot kinders 'besig te hou sodat hulle nie die grootmense tydens die erediens pla nie'. Dit is nie bloot 'n nuwe liturgiese formule, met nuwe liedere en 'n nuwe styl van prediking nie.

Dit gaan seker daaroor dat ons die Skrif op 'n nuwe manier aanbied en *intergenerational* verhoudings bou, maar dis eintlik veel meer as net dit.

Ons, die Kerk, moet aanleer om vir kinders, maar eintlik vir mense van alle ouderdomme te kan sê: Jy is welkom hier! Jy is deel van ons! Jy, met jou snaakse gewoontetjies, jy wie se aandagspan so kort is. Ons het jou unieke gawes en talente, jou kinderlike geloof, broodnodig."

As ons dit regtig kan sê dan sal 'n huilende baba ons nie meer so pla nie. Dan sal daardie kleuter wat in die middel van die diens 'n dringende begeerte om

in te kleur nie meer onvanpas wees nie. Nie eens 'n kind met 'n fidget-spinner gaan ons pla nie.

As ons dit regkry om so 'n kultuur te skep, gaan ons besef dat ons mekaar nodig het.

Ek wil dit duidelik stel dat ons NIE teen gefokusde kinder- en jeugbediening is nie. Ons dink daar is 'n tyd en plek daarvoor. Die familie- en jeugbediening guru, Matt Deprez sê **“I believe in age-appropriate ministries with intergenerational opportunities.”**

Dis net wanneer gemeentes op 'n konstante en voortdurende basis kinders en volwassenes van mekaar skei, wanneer daar nie gereelde tye is wanneer hulle saam aanbid nie, dat ons glo ons vir onself probleme op die langtermyn skep.

Die meeste eredienste van die meeste gemeentes is deesdae daarop gefokus om een teikengehoor te bereik. Meestal is dit gemik op volwassenes. Meestal ouer volwassenes. Om 'n erediens aan te bied wat werklik IG is, sal ons hard daaraan moet werk om 'n **nuwe soort 'normaal'** te kweek...

Dit sal 'n 'normaal' wees waar ook kinders geleentheid kry om deel te neem en te beleef én waar die volwassenes wat nie in die jeug- of kinderbediening betrokke is nie, die kans kry om die kinders te leer ken – op hulle name indien enigsins moontlik.


Daar is geen maklike antwoorde nie. Daar is nie een oplossing nie. Elke gemeente behoort te stoei met die vraag: Hoe kan ons die interaksie tussen volwassenes en kinders tydens die erediens verhoog?

Hier is 'n paar voorstelle:

3.1. Deelname is belangriker as 'performance'

“Making worship age-inclusive requires that you value participation more than performance.” (Huyser-Honig, 2007). Ja, excellence honors God, maar wie se definisie van 'excellence' gebruik jy?

3.2. Behandel mense van alle ouderdomme gelyk



"I wonder if we could be missing how our children are trying to lead us by confusing performance and worship. When our responses signal to them that we expect them to be 'cute' rather than an intrinsic part of the drama of worship, we may have missed their contribution to the dialogue between God and his people," sê Jan Zuidema, die direkteur van musiekbediening by die Second Christian Reformed Church in Grand Haven, Michigan. (Huysen-Honig, 2007)

3.3. Die 5:1 beginsel

Die meeste kinder- en jeugbediening werk met die een of ander ideale ratio. Hierdie ratio sou in 'n perfekte gemeente iets wees soos 1 volwassene vir elke 5 kinders. Die werklikheid is seker eerder 1 volwassene vir elke 20 kinders! Jeug- en kinderbediening gurus is dit eens dat die regte ratio – in 'n perfekte wêreld – waarskynlik 1:5 is; 1 volwassene kan 5 kinders op 'n slag bedien.

IW werk eerder met die 5:1 beginsel. 5 volwassenes vir elke kind. Voordat jy egter jou kop skud met 'n 'Waar op aarde gaan ek 5 volwassenes kry vir elke kind! Ek kan nie eens 1 kry vir elke 5 kinders nie!"

Die meeste van ons kla dat ons kinders al hoe minder raak. Waarskynlik is die meeste van ons se ratio reeds 5 volwassenes in die gemeente vir elke kind.

5 volwassenes wat besluit om 1 kind in gebed te dra, sy/haar naam te leer ken, kontak te maak met die kind en die ouers van die kind. 5 volwassenes wat onderneem om 'n voorbeeld te wees wat die kind kan navolg...

Mark de Vries sê in sy boek *Family-based Youth Ministry* "The clearest way for a church to reflect programmatically its dependence on God's grace is to establish an intentional prayer base for the youth ministry so that each young person, each leader and each event is prayed for by members of the church on a regular basis."

3.4. 'n Sondagskool-diens: 'Teaching'

'n Fantastiese geleentheid vir 'n 5:1 dialoog is tydens 'n "Sondagskool-diens". Baie gemeentes het deesdae die gebruik dat die kinders tydens die 'regte' diens, na die kategeese gaan. Die 'regte' diens en die kinders se 'diens' word net geskei deur 'n paar mure – hopelik klankdig genoeg... ☺

Wat sal gebeur as mens een Sondag die mure verwyder - die kategeese verskuif na die erediens? Wat as die kategeese die 'regte' diens word en die 'regte' diens die kategeese. Nie 'n kinderdiens nie – 'n diens waar die kinders in groepies verdeel saam met volwassenes en hulle saam gesels.

Proteahoogte het 'n baie mooi Pinkster-storie in die verband. Pinkster is nie *vir* hulle nie, maar *deur* hulle aangebied.

3.5. Gesprek tydens/ná die diens oor die boodskap

Een van die kernwaardes van IW is die kernwaarheid dat die Heilige Gees nie net deur die prediker tydens die erediens praat nie. Daarom werk NOUS hard aan materiaal wat jy voor of na (of selfs tydens) die erediens kan gebruik. Ons glo die beste metode om dit te doen, is deur een fokusteks deur die week in al die verskillende bedieninge te gebruik.

NOUS bied meer as 7 verskillende produkte, elke week van die jaar, om so 'n bediening volhoubaar aan te bied.

Daar is Bybelstudie-materiaal, die **Kontak-kring**, vir ouer gelowiges – ek weet ook van jeugbedienings wat hierdie materiaal gebruik. Dis nie swaar nie – op die punt af – en help lidmate om oor die teks na te dink, vrae te vra en die teks in hulle lewens te integreer.

Vir kleiner kinders is daar 'n **Familie tuisblad** – met voorstelle vir saam bid, saamspeel, saam dink, saam gesels en saamdoen.

Daar is dissipelskap materiaal (**3G**) wat jy kan gebruik om kleiner groepies (van drie) te help om met mekaar te gesels – selfs via whatsapp of epos.

Oupa Abie is 'n video clip en gespreksblad wat ouers met groter laerskoolkinders help om sinvol oor die teks te gesels.

Hierdie materiaal kan ouers help om die boodskap van die erediens na hulle eie leefwêreld deur te trek. Dit help kinders om die aspekte van die prediker se boodskap wat hulle dalk nie verstaan het nie, oor na te dink.

Sommige gemeentes het 'n IW-diens maar na die diens vergader die hoërskoolleerders en dan gesels hulle oor die diens wat verby is. Hulle fokus daarop om mekaar te help om die boodskap te integreer en te gaan leef.

Ander gemeentes het weer gespreksgroepe tydens die diens. Hulle 'wandel in die Woord'. Nadat die teksgedeelte gelees is, voordat die leraar preek, verdeel hulle in groepies – verkieslik persone van verskillende ouderdomme en dan gesels hulle oor wat hulle gelees het. Elkeen moet net een ding noem wat hom/haar in die teks getref het.

Een so gespreksgroepe was tussen 'n ouma en 'n hoërskoolleerder en 'n laerskoolkind. Die gesprek was vir hulle so lekker dat hulle na die diens verder gesels het terwyl die gemeente tee gedrink het. 6 maande later sou jy hierdie drie gereed by eredienste saam sien – al was hulle net een keer saam in so 'n groepe, het hulle 'connect'.

3.6. Volwassenes moet beheer oorgee

Volwassenes moet die beheer wat hulle tans oor die erediens het, oorgee. Deel daarvan is seker om kinders se gawes te gebruik.

- **Dienswerk binne die erediens**

Gebruik kinders of gesinne om die offergawes op te neem, die Skriflesing of voorbeding te doen. Die verwelkoming by die deure te doen.

Ja, daar gaan meer chaos wees, maar dis heilige chaos.

- **Gebruik die kinders in jou musiekbegeleiding**

Al is dit net om die driehoekie te speel.

Waarom daag julle nie – as julle een het – julle tiener-band uit om die diens van die volwassenes se sang te lei nie. Daag hulle uit om van die ou Liedboek-liedere op 'n nuwe manier te doen. Op daardie manier word beide die jongmense en die volwassenes se grens effens geskuif.

Waarom net 'n **koor** met volwassenes? Waarom nie 'n koor waar die volwassenes en kinders saamsing nie? Waarom nie die *band* gebruik om die koor te begelei nie?

- **Ander dienswerk rondom die erediens**

'n Predikant vertel:

“Ons gemeente het 'n bussie-diens. Elke Sondag ry die kerkbussie om by van die bejaardes wat nie meer op hulle eie by die kerk kan uitkom nie. Om

bestuurders te kry wat dit wil doen, is nogal moeilik – omdat jy moet parkeer, uitklim, die bejaarde na die bussie toe moet help en inhelp. Uitputtend. Een Graad 5 dogtertjie het egter besluit dat dit haar dienswerk is – en elke Sondag, ry sy saam met die bussie, klim sy uit, gaan klop aan die bejaarde se deur, help hulle tot in die bussie en gesels dan land en sand met die bejaardes. Nou ken sy elkeen van hulle op die naam!”

Kan julle dink wat kan gebeur as sy haarself kan dupliseer?

Gebruik kinders in jou tegniese span. Hulle kan in elk geval die rekenaar beter beheer as die meeste ouer mense. My kinders kon nie wag om te kan lees nie – want hulle wou die rekenaar in die ere diens doen! Dit was vir elkeen van hulle 'n ongelooflike oomblik toe hulle dit alleen kon doen.

3.7. Rituele

Soos reeds gesê, leer kinders deur te sien en te ervaar. Rituele is daarom belangriker as ooit. Ons het egter nuwe rituele nodig – of dalk net so bietjie van 'n kontemporêre 'spin' op van die ouer rituele.

Net 'n paar voorbeelde:

3.7.1. Verjaarsdae en huweliksherdenkings

Vier julle verjaarsdae en huweliksherdenkings? Een gemeente het vertel dat hulle almal in die gemeente gelukwens met hulle verjaarsdae – dis 'n groot gemeente! Elke week tydens die ere diens moet die wat die afgelope week verjaar het/huweliksherdenking gevier het, of wat dit vier in die week wat kom, hulle hande opsteek en dan kan hulle 'n klein sjokoladetjie uit 'n mandjie kies – die mandjie word deur een van die kinders rondgedra of die predikant klim self van die kansel af om mense geluk te wens. Die ritueel kos die gemeente 'n paar rand – sjokolade is duur – maar kinders én volwassenes mis nie die ere diens rondom hulle verjaarsdae nie en elke jaar word die sjokolade-begroting goedgekeur!

3.7.2. Kanselbybel

'n Paar gemeentes het die gebruik om die Kanselbybel aan 'n gesin uit te gee tydens die ere diens. Die gesin kan deur die week die Bybel gebruik in hulle Stiltetyd en moet die volgende week een teksgedeelte met die gemeente kom deel.

3.7.3. Simboliese liggaamstaal saam met simboliese handeling

Bv. Wanneer die seën uitgespreek word, sê die liturg (met hande uitgestrek, handpalms na onder): “Die Here sal met julle wees”. En die gemeente antwoord (met hande uitgestrek, handpalms na bo): “En met jou ook!”

Gee vir ons nog voorbeelde!

3.7.4. Oorgangstye (Transitions)

Gebruik ons, net as voorbeeld, die Belydenisaflegging genoeg as 'n oorgangsmoment? Hoe neem ons afskeid van matrikulante? Moet ons nie meer tydens 'n erediens maak van kinders wat van die laerskool na die Hoërskool gaan nie? Hoe vier ons mense se aftrede?

3.7.5. Share stories

Organiseer geleentheid waar volwassenes en jongmense kry om hul stories met mekaar te deel. Hoe gemakliker die uitruil van stories is, hoe natuurliker die gespreksituasie is, hoe meer sal beide daaruit leer.

Nooi 'gewone' lidmate om te kom vertel hoe hulle God se teenwoordigheid by die werk of by die skool beleef.

Wanneer 'n soldaat of lid van die SAPD s/hy getuienis gee, in watter lewensbedreigende situasies s/hy al was, is dit nie net 'n lekker storie nie – dit is 'n storie wat die evangelie se praktiese implikasies demonstreer. Dis die evangelie met vel om.

Wanneer jongmense hoor hoe ouer mense worstel met hulle geloof, hulle geloof verwoord, leer hulle hoe om hul eie geloof te verwoord, leer hulle hoe om God se teenwoordigheid prakties te beleef.

4. Prediking in 'n IW

Die moeilikste aspek van IW is seker hoe om die predikant te help om sy/haar boodskap so in te rig dat dalk nie almal nie, maar 'n groter groep lidmate hom/haar verstaan. Hoe kan 'n predikant die teikengehoor vergroot?

Op hierdie punt kan NOUS geweldig baie help:

4.1. Die gebruik van 'n narrafoor

'n Narrafoor is 'n narratief of metafoor wat regdeur die diens gebruik word as 'n sentrale gedagte saam met 'n bepaalde fokusteks. Dit help volwassenes én kinders om die boodskap beter te onthou en beter in hul eie lewens te integreer.

4.2. Die gebruik van sinvolle illustrasies

Mense onthou nie noodwendig dogma/leerstellings nie. Hulle onthou stories! Stories word gebruik om die narrafoor in te kleur. Jesus was die Groot Storieverteller.

4.3. Visuele storie

'n Visuele storie is wanneer jy 'n video clip of *skit* gebruik om die narrafoor te illustreer.

4.4. Die aanhaak van die regte lied

Daar is 'n fantastiese webtuiste www.flam.co.za waar jy 'n woord of tema kan gebruik om die regte lied vir jou boodskap te vind. Binnekort sal www.vonkk.co.za en die Liedboek ook op sulke webtuistes tuis kom.

5. Intergenerational musiekbediening

Dit mag dalk vir sommige van julle 'n natuurlike ding wees dat die Flam-taakspan die sessie aanbied, maar vir die van julle wat ons almal egter ken en weet hoe en waar ons van mekaar verskil, is die ironie hiervan net iets wat wel, Goddelik geïnspireerd kan wees.

Ons verskil van mekaar hieroor. Ons verskil baie hieroor. Dalk is dit egter nie so vreemd nie – en dalk help dit julle vandag om te weet – ons verskil waarskynlik so baie van mekaar omdat ons konteks elkeen van mekaar verskil. Ons gemeentes lyk nie dieselfde nie. Ons lidmate dink nie dieselfde nie. Ons het nie almal ewe veel kinders en jongmense en bejaardes in ons gemeentes nie.

So dit was nogal die vraag of ons iets KAN aanbied wat ALMAL help.

5.1. Waarom kom 'intergenerational' nie van nature vir ons musiekbediening nie?

Ons leef in interessante tye. Daar is soveel sake wat die Kerk en die Skrif betref wat op soveel fronte herdink en gerevalueer en herontdek word dat baie van ons dit dalk al sterk oorweeg het om op te pak en huis toe te gaan – was dit nie dat ons nie meer weet waar daardie huis is nie... Ons het nie gevra om in hierdie tyd te leef nie, maar dis waar die Here ons geplaas het.

Waarom enigsins praat oor 'intergenerational' musiekbediening? Is dit nie beter dat ons kinderdienste en jeugdienste en tradisionele dienste en meditatiewe eredienste het en waar ons hierdie groepe net in hemelsnaam uitmekaar kan hou nie?

Ek dink nie die doel van hierdie werkwinkel is om weg te doen daarmee nie, maar om ook ander werkbare opsies as alternatiewe op die tafel te sit.

Musiek is beslis 'n sleutel-area vir IG bediening. Dis 'n maak of breek area. Soos een ou gesê het: "Music touches the heart and moves us at an unconscious level."

Die probleem is dat musiek waarvan ons nie hou nie, die lewe uit ons kan uitsuig. 'n Vriend van my noem die orrel, Die Dementor. Want dit dreineer alle lewensvreugde uit hom uit. Ek is seker dat die 'band' dit ook met baie mense doen.

Die probleem is, hoe wil ons alle generasies bedien, solank as wat die musiek net fokus op een of twee generasies, of dan slegs een spesifieke spiritualiteitsvoorkeur?

So hoekom sukkel ons met 'intergenerational' – hoekom kom dit nie vir ons van nature nie:

5.2. Sommige gemeentes kom nie 'Beyond the worship wars' nie

Ek wil nie vandag iets sê oor die sg. worship wars tussen die aanhangers en dissipels van die orrel en die Liedboek – in die naam van 'goeie musiek' - en die aanhangers van kom ons noem hulle die dissipels van Hillsongs-Bethel-North-Point-Jesus-Culture en mag ek hulle in dieselfde asem noem as die genoemde gode, die Flammunity – die gemeenskap van Flam volgelingen. Dit gaan oor veel, veel meer as dit.

Maar enige gemeente wat nog in 'n stryd is oor orrel óf band, enige gemeente waar die orrelis en die band net tog nie in dieselfde vertrek moet wees nie, is nie regtig gereed vir 'n ware intergenerational bediening nie.

5.3. Ons besef nie 'n melodielyn is nie in 'n styl geskryf nie

'n Melodielyn is net dit – 'n melodielyn. Dis nog nie 'n musiekgenre nie. Die oomblik as jy begin harmoniseer, instrumente byvoeg, die melodielyn musikaal inkleur, dan word die melodielyn geset in 'n genre.

Die genre van Die Liedboek is nie noodwendig klassiek of tradisioneel nie – dis net dat ons tradisioneel die Liedboek in 'n klassieke styl aanbied.

5.4. Sommige gemeentes sukkel om te fokus

Sally Morgenthaler skryf iewers (Morgental, 2004) dat daar min dinge so ironies is soos aanbidding in die 21ste eeu. Terwyl die res van die wêreld

hoog spiritueel raak (dink aan Deepak Chopra, Oprah Winfrey, Final Fantasy rekenaarspeletjies, die Lord of the Rings en selfs Harry Potter) het die Kerk besluit om in die ander rigting te beweeg – “in the name of user-friendly Christianity... (the church) was practicing religious reductionism: shrinking the divine to the size of a three-point outline and four songs in the key of perpetually happy.”

Sy gaan dan verder deur te sê dat ons sedert die 1980's – regdeur die wêreld – 'n tipe van 'whatever works', felt-needs theology, beoefen wat eintlik die grootheid van God misken het. “God Generic sprinkled with just enough Christianese to justify the pastor's seminary education, the congregation's fading denominational affiliation... Every Sunday... God Generic is addressed in predictable and monotone nonspecificity via hundreds of subcultural praise choruses... the Great Whatever on-call to make your life whatever you want it to be. If historic worship is first and foremost about God, then disenchanting worship is about human units in their individual padded seats... “It's all about you...” - bedoelende, dit gaan net oor MY, “Worship of the disenchantment takes that phrase seriously.”

Ons sal weer moet leer om te fokus op die Een waaroor dit eintlik gaan...

5.5. Verwarring tussen 'blended worship' en 'intergenerational worship'

Ek besef dat verskillende mense verskillende idees het oor wat presies 'blended worship' is – maar kom ons definieer dit vir vandag as die gebruik om verskillende style van aanbidding binne een ruimte, een konteks, een erediens aan te bied. Bv. eers 'n liedboek lied met die orrel en dan 'n Taize-lied sonder enige begeleiding en dan die band met 'n Flam-lied.

Indien jy 'n voorstander en gebruiker is van so 'n tipe 'blended worship', dan weet jy seker teen die tyd dat die beste resultaat wat jy uit so 'n bediening kry, is dat alle lidmate kwaad is vir jou, ongeag hulle ouderdomme of spiritualiteitsvoorkeur. Almal is een of ander tyd tydens die erediens ongelukkig of ongemaklik.

Ons dink Intergenerational musiek is nie blended nie – dis dalk eerder Fusion! Dis 'n fusion tussen rock en klassiek, pop en rap en techno – met elemente van Afrika tussen-in.

Dis tyd dat ons in Suid-Afrika 'n nuwe klank, ons eie klank vind – nie net die klank van Hillsong of Northpoint of Bethal of Jesus-Culture nie – maar 'n klank wat eie is aan ons. Dis makliker gesê as gedoen, maar ek is tog van mening dat ons lanklaas soveel briljante musikante in ons land gehad het. Ons sou kon as ons regtig wil.

5.6. Hoekom is dit NOU die regte tyd om IG te gaan?

Want stylgewys het min verander oor die afgelope 50 jaar! Ja, Justin Bieber en Taylor Swift klink nie dieselfde as die Beatles nie – maar as jy mooi daaraan dink – die meeste *bands* bestaan nog steeds uit dromme, baskitaar, kitaar, elektriese kitaar en keys... Ja, die sound effects word verskillende gebruik, maar stylgewys het min verander.

My kinders word gedwing om Smile FM te luister – Best of the 80's, 90's and Now – maar die pret is wanneer hulle songs begin saamsing wat *hits* was toe ek so oud soos hulle was en wanneer hulle besef daar is van die songs waarna hulle luister waarvan ek ook hou (ek hou nog steeds regtig nie van Justin Bieber nie...).

Dit beteken dat vir die eerste keer in 'n baie lang tyd ons die kans het om mekaar musikaal te vind in die erediens – of dan ten minste 'n breër middeweg te vind.

6. Hoe lyk (en klink) 'n Intergenerational musiekbediening?

6.1. Deelname is belangriker as 'performance'

Ek word gereeld deur gemeentes gevra wat om met Tannie Sannie te maak. Almal het 'n Tannie Sannie. Wie weet dalk is hy selfs soms Oom Jannie. Tannie Sannie wil baie graag – maar sy kan nie.

Indien Tannie Sannie 'n sanger is, is dit nie so moeilik nie – solank as wat die klankman weet hoe om Tannie Sannie te mute wanneer die musiek begin speel...

Moeiliker as Tannie Sannie 'n Graad 3'tjie is, met 'n tamboeryn, sonder ritme.

Binne perke sal deelname egter altyd vir my 'performance' troef.

Een van Ruyterwacht-gemeente se ywerigste lidmate is 'n jongman, Bennie, met Down-sindroom. Een oggend toe ek daar gepreek het, besluit Bennie hy wil die dag saamsing. Toe ek weer sien het die band vir hom 'n mikrofoon gereël en het hy saamgesing. Vals is nie wat mens daardie klanke mee sou beskryf nie. Die gemeente het egter nie vir een oomblik 'n babbel gehap nie – Bennie is deel van die gemeente – hy is nie 'comic relief' nie. Hy word nie eintlik eens net geduld nie. Op daardie moment was hy deel van die begeleidingspan en ek dink nog steeds dat die Here die sang daardie oggend verskriklik geniet het.

Om ruimte te maak vir mense in jou musiekbediening, beteken dat perfeksie by die agterdeur uitgaan. En dis hoekom baie van ons so sukkel daarmee. Die band en die stage het my naam op en my naam is op die spel. Worship gaan egter nie oor jou nie, of hoe?

Laat ons 'foute' en 'onvolmaaktheid' toe? Of moet alles soos 'n OneDirection/U2 (sit die naam van jou favorite band hier in) konsert verloop?

6.2. Nie net WAT sing ons nie, maar HOE sing ons dit en WIE lei dit

Flam het 'n hele afdeling musiek wat ons 'Flam-gemeentesang' noem – dit is die liedere wat sou werk in 'n intergenerational erediens. Jy sou dit m.a.w. kon inkleur om by julle konteks te pas.

Maar eintlik kan jy dit met enige lied doen.

7. Net om af te sluit

'n Moeilike oom in my gemeente vertel dat sy kinders hom nie kan verstaan nie. Hy was 'n vreeslike streng pa – wat bv. nie toegelaat het dat enige kind aan die TV vat nie – veral nie aan die skerm nie. Na 'n vakansie waar die kleinkinders by hulle gekuier het en die hele huis op horings geneem het, was daar 'n vetterige kinderhand-afdruk aan die bokantse hoek van sy TV-skerm. Toe sy – baie netjiese – vrou dit wou skoonmaak het hy haar verbied om dit te doen. Die handmerkie het hom herinner aan sy kleinkind.

IG is nie net om die handmerkies op die TV-skerm te duld nie – dis om dit te waardeer, te geniet en dit aan te moedig!